
**EatSmart:** Ons Societas komitee wat met Smartstart werk, het tans 18 kindergroepies wat blootstelling kry aan VKO (vroëe kinderontwikkeling). Smartstart gee aandag aan drie van die vier pilare van VKO, nl. Liefde, veiligheid en breinstimulasie. Die vierde een is egter uiters nb., nl. Voeding. Ons het 'n tweede been van Societas begin naamlik EatSmart. EatSmart gee een porsie kitspap per kind per dag aan kinders in Smartstartgroepie, sowel as die huishouding waarin die Smartstartgroepie gehou word. Waar 'n dagmoeder die VKO program aanbied, gee ons ook vir kleiner kinders by die dagmoeder Kitspap. Die kitspap is spesiaal deur 'n universiteit ontwikkel en voorsien in 50% van 'n persoon se voedingsbehoeftes per dag. Ons vra twee of drie mense om verantwoordelikheid vir 'n groepie te neem. Daardie persoon kry by ongeveer tien vriende, bybelstudiegroeplede ens. ongeveer R30p/m om die pap te voorsien, en gaan een maal per maand na die Smartstartgroep om pap te gee, te bid vir die Smartstartleier, hul groepie, hul huis, en kyk op watter maniere hul die VKO kan ondersteun. As julle belangstel om hierin te deel of meer inligting te kry, kontak vir ds Robert by 044-6912244.

**HANDE ARBEID BENODIG:** Ons pak Woensdagoggend 09:00 kitspap in kleiner porsies in die kombuis by ons kerksaal. Ons het hande nodig. Ons het 180kg kitspap wat in sakkies van 25g en 45g verpak moet word vir ons EatSmart program. Daar is lidmate van ander gemeentes wat ook sal help. Kontak die kerkkantoor of vir ds Robert indien julle beskikbaar is.

**GELOOFSOFFERS:** Daar is nog geleentheid om geloofsoffervorms te voltooi en in die kollektesakkie te gooi,of by kerkkantoor in te handig. Geloofsoffervorms is by voorportaal beskikbaar. Voltooi asb weer, al verander die geloofsoffer bedrag nie. Dit help ons met ons begroting.

**DANABAAI BASAAR:** Saterdag, 28 Oktober om 09:00 in die Danabaai Gemeenskapsaal te A Distansstr 20. Almal welkom!






# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

## AFKONDIGINGE: 22 Oktober 2017

*"Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe" (Kolossense 3:13)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Alta du Toit Nasorg.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoom-blik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader om 10:00 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerk (ds Robert) en op Vleesbaai (ds Danie).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Herberg Kinderhuis.



**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoom-blik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader om 10:30 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 in Santos 2 se sitkamer.
Dinsdag 09:30 in die kerk.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie by sy huis en Dinsdag om 19:00 Tienie Bothastr en Boekleesgroep 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Saambidgeleentheid om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1 (ds Robert).

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

**BANKBESONDERHEDE**

**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Radiokansel was R2 596-70.

**KOSKAS:** OKTOBER-maand is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kon-tantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae by Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**TE KOOP:** Pekanneute in dop (R100/kg of R50/500g) is by die kerkkantoor te koop.

**LIEDBOEKE:** Ons vra dat lidmate wat liedboeke het, wat hulle nie meer gebruik nie, dit asseblief vir Vleesbaai se saal sal skenk. Handig dit asb in by die kerkkantoor. Dankie.

**BENODIG:** 5 liter waterbottels. Gee asb by kerkkantoor af.

**OP DIE WEBWERF:** Maak die webwerf oop, kliek op *Tuisblad-menu* en dan op *Onlangs in die nuus.* Daarna op *70-Plussers Lente tee.* Daar is pragtige foto's van die funksie.

**SOPKOMBUIS:** Die Volkskerk het ons gehelp by die Alma Kliniek sopkombuis. Hulle is so geraak deur die behoefte dat hulle 'n sopkombuis by D'Almeida kliniek begin. Dit beteken egter dat ons nou nuwe hande nodig het. Gee u naam vir ds André, die kerkkantoor of op die Geloofsoffer vormpies.

**NUWE LIDMATE:** Elmaryn Dippenaar Ons Huis vanaf Oudtshoorn.

### HAP-EN-KRAP

Goeie nuus! Ons hou DV op **28 Oktober 2017** vanaf **08:00 tot 11:00** 'n heerlike HAP-EN-KRAP in ons kerksaal. Ons benodig bruikbare tweedehandse items en veral ook kinderklere, beddegoed, gordyne en komberse. Breekware en messegoed verkoop baie goed. Ook gereedskap. Maar alles kan help. Ons gaan ook weer heerlike wegneemetes en snoepgoed verkoop. Pannekoek, Footlongs , Pasteie en Kerrie Vetkoeke sal teen billike pryse beskikbaar wees. Daar gaan ook 'n beperkte getal afval-etes wees (geen vooraf bestellings). Daar sal ook 'n heerlike Teetuin wees waar lekker koffie en tee, en heerlike koek en tert bedien sal word. Merk die datum asseblief en gee deur aan u vriende en werknemers!





## GEBEDSBULLETIN

***Tema vir Oktober:*** *Bejaardes*

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Kenani se rol in die versorging van ouer-wordende persone.
* Ons sendelinge se voorbeeld van toewyding en vertroue.
* Geloofsoffers waardeur getuienisaksies ondersteun word.

**Hierdie week se VOORBIDDING:**

* Die Alta du Toit Nasorgsentrum in Bellville maak voorsiening vir volwassenes (18 jaar en ouer) wat intellektueel gestremd is. Hulle vaardighede word optimaal ontwikkel met die hulp van professionele opleidings- en ontwikkelingsprogramme ('n multidissiplinêre span). Daar word omgesien na hul fisiese, emosionele en geestelike behoeftes. Daar is 174 persone in vier koshuise en op weeksdae 59 dagsorg-kliënte. Die jongste persoon is 18 jaar oud en die oudste is 'n dame van 76 jaar.
* Vir bejaardes om steeds sinvol besig te wees en te ervaar dat die Here 'n plan met hulle lewe het. Ons het 35 lidmate wat 90 jaar en ouer is. Van hulle woon 11 nog in eie huis of by kinders.
* Oupas en oumas wie se kinders en kleinkinders oorsee woon.
* Borskanker-bewustheidsmaand.
* HospiVision is gestig in 1999 en gee berading, geestelike en fisiese ondersteuning aan pasiëte en families asook mediese personeel.
* Die dominees se jaarlikse beplanning DV 8-9 November.
* Matrieks - eindeksamen (tot 28 November).
* Dele van ons land wat stormskade gehad het en reën vir die Weskaap.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

**SIEKES:** Riekie Janse van Rensburg Plaas Misgunst, Jan Louw Fijnbosrand, Marie Groenewald Kokerboomstr, Neels Warden Koraalboomstr, Ivan J. van Vuuren Santos Haven, Koos Smalberger Hofmeyrstr, Lettie Lourens Ons Rus.

**STERFTES:** Verna Theron Santos Haven (moeder van Thinus en Hannes), Annie Mostert vroeër van 21ste Laan.

**BAIE GELUK:** Chris Snyman Hofmeyrstr wat 23 Oktober verjaar en 95 word.

***Onthou ons gemeente se webblad is by:* <u>www.suidkerkmsb.co.za</u>**